

Saterdag 17 Julie

Skrifgedeelte: Miga 5:8-14

Fokusgedeelte: Miga 5:8-14

Luister na God!

Iets wat eie is aan ons Christelike geloof, is die intieme aksie van bekering. Daarmee saam ook die aktiewe betrokkenheid van God om sy kinders te reinig. In hierdie gedeelte is daar nog 'n flikker van die hoop uit die eerste profesie wat die hoop uitspreek dat God self Israel se teenstanders sal oorweldig. Maar Israel self het nodig om gereinig te word.

God verklaar dan dat Hy self hierdie skoonmaakproses sal doen, met die doel dat daar niks meer sal wees wat hulle aandag van Hom aftrek nie. Hy vat strydwaens weg, sodat hulle nie kan dink dat dit hulle eie krag is wat hulle red nie. Hy vernietig hulle sterk geboude stede, sodat hulle sal besef dat hulle bouwerk hulle nie beskerm nie. God vat alles weg wat nie kommunikasie met Hom is nie, maar geestelike dwaling is in hulle eie begeerte vir die onbekende. Hy vat alles wat hulle met hulle eie hande in hulle eie beeld gemaak het om te aanbid. Alles waarna hulle sou kon opkyk of op staatmaak behalwe God, word vernietig. Die laaste toring van sogenaamde krag wat weggevat word, is al die ander nasies waarna Israel sou kon opkyk, maar wat nie in God glo nie.

Soms is ons vasgevang in die begeerte na 'n god wat baie dinge tot ons lewens sal voeg, maar so mis ons Wie die ware God is. Psalm 47 sê dat Hy die Here, die Allerhoogste, ontsagwekkende en grote Koning oor die hele aarde is. Dit moet ons nooit vergeet nie, veral nie in tye wanneer dit voel of Hy meer wegvat as wat Hy gee nie. Hy wil hê dat elkeen werklik na Hom sal luister. Sal jy?

Sing: Psalm 46-1:4, 5, 6

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)